akademia

BCom Finansiële Beplanning 2017

NKR (NQF) vlak 7 • 370 krediete • SAQA ID-nommer: 99642

Akademia

Akademia is 'n hoëronderwysinstelling wat geakkrediteerde kwalifikasies in Afrikaans aanbied. Studente kan hoër sertifikate (1 jaar), 'n gevorderde diploma (1 jaar) en grade (3 jaar) in verskeie studierigtings by Akademia verwerf. Akademia is op die voorpunt van tegnologie om die leerervaring so soomloos moontlik te maak. Akademia streef daarna om mense se indiensneembaarheid te verhoog deur hulle met wêreldgehalte kwalifikasies en vaardighede toe te rus.

Die program

Die Baccalaureusgraad in Finansiële Beplanning bemagtig die student om die beginsels van ekonomie, beleggingsbestuur en finansiële beplanning te verstaan en om dié beginsels in die praktyk toe te pas. Dit rus studente toe met kennis en vaardighede in beginsels en praktyk van ekonomie, finansiële bestuur, finansiële rekeningkunde, verskillende aspekte van sakebestuur en beleggingsbestuur en aanverwante dissiplines. Die student word ook voorberei vir verdere studies in ekonomie of finansiële bestuur.

Toelatingsvereistes

'n Nasionale Seniorsertifikaat gesertifiseer deur Umalusi met:

- Minstens 40% in die onderrigtaal van Akademia
- Minstens 'n 4 (50-59%) in elk van vier erkende NSS 20-kredietvakke (waarvan ten minste een Engels of Afrikaans moet wees) uit die lys van aangewese hoëronderwystoelatingsvakke behaal
- OF 'n Nasionale Sertifikaat (Beroepsgerig) vlak 4 gesertifiseer deur Umalusi met: Ten minste 60% in 3 fundamentele vakke waarvan die onderrigtaal van die instansie een is EN ten minste 70% in die 3 verpligte beroepsgerigte vakke uit die lys van aangewese vakke
- OF 'n Hoër Sertifikaat in 'n ooreenstemmende studieveld
- OF 'n Gevorderde Sertifikaat in 'n ooreenstemmende studieveld
- OF 'n Diploma in 'n ooreenstemmende studieveld
- EN toepaslike skoolvakke. Verpligtend: Wiskunde – 60% (Graad 12-skoolvlak)

Vakke

Eerste jaar

- Ekonomie 1 (GAE 105)
- Finansiële en Beleggingsbeplanning (GFP 105)
- Bedryfsetiek (GBE 105)
- Elementêre Kwantitatiewe Metodes (GQM 105)
- Finansiële Rekeningkunde (GFA 105)
- Ondernemingsbestuur (GBM 105)

Tweede jaar

- Ekonomie 2 (GAE 206)
- Finansiële Beplanning 2 (GFP 206)
- Belasting (GET 206)
- Beleggingsbestuur 2 (GAM 206)
- Finansiële Rekeningkunde 2 (GFA 206)

Derde jaar

- Ekonomie 3 (GAE 307)
- Finansiële Beplanning 3 (GFP 307)
- Beleggingsbestuur 3 (GAM 307)
- Belastingbeplanning (GTP 307)
- Geïntegreerde Finansiële Beplanning (GIF 307)

Assessering

Formatiewe Assessering

(Deurlopende assessering – 40% van finale punt)

- 3 werkopdragte per vak – die beste 2 werkopdragpunte word gebruik om die jaarpunt te bereken wat eksamentoelating bepaal.
- 3 toetse per vak – die 2 toetspunte word gebruik om die jaarpunt te bereken wat eksamentoelating bepaal.
- 'n Minimum van 40% vir 'n jaarpunt moet behaal word vir eksamentoelating.

Summatiewe assessering

(Samevattende finale assessering – 60% van finale punt)
Daar word 'n finale eksamen per vak aan die einde van die jaar geskryf.

Kontaksessies (na-ure)

Kontaksessies en E-leer-tutoriale is verpligtend en dit word by studiesentrums aangebied soos in die Belangrike Datums-dokument vir 2017 vervat. Eerstejaarstudente moet 11 kontaksessies by die studiesentrums bywoon. Tweedejaarstudente moet 8 kontaksessies by die studiesentrum bywoon en moet ook 3 E-leer-tutoriale op die studentestelsel (Moodle) voltooi. Derdejaarstudente moet 5 kontaksessies by die studiesentrum bywoon en 6 E-leer-tutoriale op die studentestelsel (Moodle) voltooi. Die deelname hieraan word gemonitor en dit maak deel uit van die verpligte klasbywoningvereistes.

Kwalifikasie

Ná die suksesvolle voltooiing van die program ontvang studente 'n Akademia Baccalaureusgraad in Finansiële Beplanning wat tydens 'n formele promosieplegtigheid oorhandig sal word.

Kontakbesonderhede

Skakel 0861 222 888 of stuur 'n e-pos na navrae@akademia.ac.za

Akademia MSW (Maatskappyregistrasienr: 2005/024616/08) is voorwaardelik by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding tot 31 Desember 2017 as privaat hoëronderwysinstelling geregistreer ingevolge die Wet op Hoër Onderwys, 1997, Registrasienommer: 2011/HE08/005 • **Adres:** Von Willichlaan 284, Centurion **Posadres:** Posbus 11760, Centurion, 0046 • **Direkteure:** M.J. Visser (besturende direkteur), Dr. D.J. Hermann, H.J. Schalekamp, P.J. le Roux, Prof. J. van der Elst en P.W.A. Steyn.

Akademia is deel van die Solidariteit Beweging